# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**KWOTASIE: MK222/2016: AANBIED VAN 2017 NUWEJAARSDAGPROGRAM BY PELIKAANSTRANDOORD IN LAAIPLEK (VELDDRIF)**

Kwotasies word hiermee ingewag van geregistreerde diensverskaffers vir die aanbied van 'n Nuwejaarsdagprogram op 1 Januarie 2017 by Pelikaan Strandoord.

Kwotasies in verseëlde koeverte duidelik gemerk **"KWOTASIE: MK222/2016: AANBIED VAN 2017 NUWEJAARSDAGPROGRAM BY PELIKAAN STRANDOORD"** moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore, Kerkstraat13, Piketberg geplaas word voor **10:00 op Donderdag, 15 Desember 2016**, wanneer kwotasies in die openbaar oopgemaak sal word.

Kwotasies sal geëvalueer word ingevolge die Raad se Voorsieningskanaalbestuurs-beleid, 80/20 punte stelsel.

Dit is dus verpligtend om die Voorkeur Verkrygingsvorm te voltooi om te kwalifiseer vir enige voorkeurpunte. **Pryse moet BTW insluit**.

Dokumente en spesifikasies wat die minimum vereistes bevat, is verkrygbaar van Me. Marina van Zyl by tel. no. (022) 913 6000 gedurende kantoor-ure. Alle tegniese navrae moet gerig word aan Mnr DA Josephus by tel. no. 022 913 6000.

'n Oorspronklike en geldige Belastingklaringsertifikaat soos uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) moet by die kwotasie ingesluit word.

**Kwoteerders moet as 'n voornemende verskaffer op Nasionale Tesourie se sentrale verskaffers databasis en (CSD) geregistreer wees.**

Laat, onvolledige of kwotasies ontvang per faks of e-pos, sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van 'n kwotasie sal nie as bewys van ontvangs van 'n kwotasie gesien word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie. Die Raad behou die reg voor om enige kwotasie of gedeelte daarvan te aanvaar.

**ADV HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Munisipale Kantore**
**Kerkstraat 13**
**PIKETBERG**
**7320**

**8 Desember 2016**
**MK222/2016**